# DIE GROOT ROL VAN GETALLE IN DIE TORAH

Parashah Vayakhel strek vanaf Shemot (Exodus) 35 tot 38 en bevat onder meer ʼn breedvoerige beskrywing van hoe presies die afgesonderde tentwoning gemaak moes word, watter materiale gebruik moes word en veral wat die afmetings van die tentwoning moes wees. Parashah Vayakhel is sonder enige twyfel een van die leesstukke in die Torah wat die meeste na getalle en afmetings verwys. Die woord "vayakhel" kom van die woord "kahal" wat "bymekaarkom" of "bymekaarbring" beteken en wat impliseer dat ʼn sekere GETAL mense bymekaarkom en onder een dak of op een plek vergader en EEN, gemeenskaplike doel najaag en slegs op EEN saak gefokus is, ten spyte daarvan dat hulle MEER AS EEN in getal is. In die eerste hoofstuk van die Parashah is daar net een verwysing na getalle en dit is in die tweede vers waar ons die volgende woorde lees: "***<u>Ses</u>*** dae lank kan daar werk verrig word, maar op die ***<u>sewende</u>*** dag moet daar vir julle 'n afgesonderdheid, 'n dag van volkome rus wees tot eer van Yahweh." Die res van hierdie hoofstuk bevat geen verdere verwysing na getalle nie. Maar in die daaropvolgende 3 hoofstukke (tot aan die einde van die Parashah, in 38:20) is daar meer as 110 verwysings na getalle en afmetings. Is dit bloot net getalle of beteken die getalle dalk iets meer? Dalk is ons leidraad die feit dat in hierdie Parashah met sy meer as 110 getalle, die eerste verwysing na getalle, die ses gewone dae van die week en die sewende dag – die Shabbat – met sy besonderse betekenis is. Dalk is dit nie so vergesog om agter die getalle of afmetings van die tabernakel te gaan soek na ʼn bevestiging van reeds bekende waarhede in die Skrif, soos die Shabbat, die feeste en die dieper inhoud van die Torah nie. Kom ons kyk na ʼn paar van die getalle en afmetings in Parashah Vayakhel:

Ex 36:9 Die lengte van elke tentdoek was agt en twintig el en die breedte van elke tentdoek vier el (Die 28 en die 4 is ʼn bevestiging van die belangrikheid van Dag 7 wat reg aan die begin van hierdie Parashah [Ex 35:2] uitgelig word: 28 ÷ 4 = 7).


Ex 36:10 En hy het vyf van die tentdoeke aanmekaargewerk, die een aan die ander; en weer vyf tentdoeke het hy aanmekaargewerk, die een aan die ander (Die 5, plus nog 5 herinner aan die 10 woorde of die 10 gebooie).

Ex 36:12-13 Vyftig lissies het hy gemaak aan die een tentdoek, en vyftig lissies het hy gemaak aan die rand van die tentdoek wat aan die tweede stel behoort het. Hy het ook vyftig goue hakies gemaak en die tentdoeke saamgevoeg, die een aan die ander, met die hakies, sodat die tentwoning een geheel was (Die 50 herinner aan die dag-aftelling tussen Pesag en Shavuot).

Ex 36:14-15 Verder het hy doeke van bokhaar gemaak as 'n tentseil oor die tentwoning: elf tentdoeke het hy dit gemaak. Die lengte van elke tentdoek was dertig el, en die breedte van elke tentdoek vier el (Die 11 tentdoeke herinner aan die woord "Gagh", wat "fees" beteken, en ʼn numeriese waarde van 11 het, terwyl die oppervlakte van elke tentdoek, 30X4 [=120] herinner aan die woord "moád", wat "vasgestelde tyd" of "fees" beteken en ʼn numeriese waarde van 120 het).


Ex 36:17-18 En hy het vyftig lissies gemaak aan die soom van die laaste tentdoek van die een stel, en vyftig lissies het hy gemaak aan die soom van die laaste tentdoek van die tweede stel. Hy het ook vyftig koperhakies gemaak om die tent saam te voeg, sodat dit een geheel was (Die herhaalde voorkoms van die getal 50 dien as ʼn bevestiging van die reeds genoemde dag-aftelling tussen Pesag en Shavuot).

Die "muur" van die tentwoning (Ex 36:23-30) het uit 48 style (Engels: "boards") bestaan en 96 voetstukke (Engels: "sockets"). Beide hierdie twee getalle is veelvoude van 12 (die aantal stamme van Israel) en stem ooreen met die groot rol wat die getal 12 (en veelvoude van 12) speel in die beskrywing van die Nuwe Jerusalem in Openbaring 21 (12 poorte, 12 boodskappers, 12 fondamente, 12 edelgesteentes, en ʼn muur van 144 el – waardes wat volgens Openbaring direk met die 12 stamme van Israel te make het).



Daar word bereken dat daar in die "muur" van die tabernakel 144 ringe (Engels: "rings" – 60 + 24 + 60) was waardeur die 15 dwarshoute (Engels: "bars") gesteek is. Die 144 is weereens 'n herinnering aan die 12 stamme. Wat is dit wat die ringe (stamme) aan mekaar verbind? Wat is die een, gemeenskaplike doel wat hulle najaag, die een saak waarop hulle fokus, die "goue draad" wat hulle aan mekaar verbind? Dit word verteenwoordig deur die dwarshoute. Die getal 15 (die totale aantal dwarshoute) is die numeriese waarde van die verkorte Naam van die Almagtige (die Naam "Yah"), wat gereeld in die Skrif, onder andere ook in die boek Exodus, voorkom. Hy is die Een wat hulle aanmekaar verbind. Hy is die Een wat betekenis aan hulle bestaan gee. As dit nie vir Hom was nie, sou elke getal bloot 'n getal wees en sou enige vorm van verskeidenheid niks meer as 'n deurmekaarspul wees wat nooit bymekaar uitkom en op geen manier sin maak nie. Waar Hy egter die fokuspunt is, kry enige getal mense (maak nie saak hóé hulle van mekaar verskil nie) dit reg om hulle verskille en hulle dispute en hulle onverdraagsaamheid met mekaar een kant toe te skuif en op Hom as die Onvergelyklike en Soewereine Skepper en Onderhouer van alles en almal in hierdie wêreld te fokus.

Daar is nog ander getalle ook waarby ons sou kon stilstaan, maar kom ons volstaan met net nog een. Die mees interessante getal kombinasie in die leesstuk van hierdie week, is die afmetings van die ark:




Geeneen van die ander voorwerpe wat in en rondom die tabernakel voorgekom het, word in terme van halwe metings beskryf nie. Net die ark van die verbond. Waarom is dit so? Oor die eeue heen het rabbi's baie met hierdie vraag geworstel en tot die slotsom gekom dat dit met nederigheid (Engels: "humility") te make het. Nie net een nie, maar al drie die afmeting bevat die woord "half" (Hebreeus: "getsi") wat impliseer dat iets nie vol of heel of volledig is nie. Was die ark nie juis bedoel om instrumenteel te wees om versoening en heling te bring vir mense wat ontdek het dat hulle nie volledig of heel of volmaak is nie? As mens nader beweeg aan Yahweh en aan die dinge wat met Hom te make het (en wat daarom as afgesonder beskou word), pas dit jou om nie 'n té groot dunk van jouself te hê nie. Sonder Yahweh en sonder sy vergifnis en guns en sonder sy Seun, is ons nog niks meer as "getsi" – half – nie. Ons het Hom nodig om vol te word. Ons het sy verlossende werk in ons lewe nodig. Geen wonder dat Y'shua self die toonbeeld van nederigheid was en sy volgelinge keer op keer tot nederigheid gemaan het nie. Hiervan is die 9 saligsprekinge (Engels: "beatitudes") die beste voorbeeld. Nie net een of twee van hierdie saligsprekinge gaan oor nederigheid en vernedering nie, maar al nege. Geseënd is die wat arm van gees is, treur, sagmoedig is, honger en dors na geregtigheid, barmhartig is (teenoorgestelde van "armhartig" – 'n hart wat arm is aan liefde en medelye), rein van hart is, vredemakers is, vervolg word en beledig word ... want hulle sal die aarde en die koninkryk van die hemel beërwe en versadig word (oftewel van half na vol verander word).